

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) [STILTETYE] KOLOSSENSE 3 – 4 en 1 TESSALONISENSE 1
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Kolossense 3 – 4 en 1 Tessalonisense 1). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN JOHANNES] (8) JOHANNES 7:38
----------	--

Repeteer twee-twee.

(8) Johannes 7:38. “Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vlei.”

4	ONDERRIG (85 minute) [KERKLIKE FEESDAG] DIE CHRISTELIKE BEGRAFNIS
----------	---

Inleiding. Hierdie onderrig gaan oor die christelike begrafnis. Ons gaan leer wat die Bybel leer oor die dood, wat daar ná die dood gebeur, die begrafnisseremonie en die opstanding uit die dood.

A. DIE AARD VAN DIE MENS

1. On-Bybelse opvattinge oor die wese van die mens.

Mense in die wêreld het verskillende menings oor die aard van die mens.

(1) Die opvatting van Philo. Die wese van die mens word in drie dele verdeel.

Hierdie opvatting is gebaseer op die filosofie van Philo (20 v.C. – 45 n.C., Aleksandrië). Philo het geleer dat die mens ’n triniteit is: die mens het ’n gees, het ’n siel en het ’n liggaam. Hierdie opvatting maak ’n verdere onderskeid tussen die gees en die siel van die mens, tussen ‘sy geestelike lewe’ en ‘sy sielslewe’. Die gees van die mens begryp (bevat) goddelike filosofie en die siel van die mens begryp (bevat) menselike filosofie.

Hierdie denkbeeld is in die weste gepopulariseer deur verskillende funksies aan die menselike gees, die menselike siel en die menselike liggaam toe te skryf.

- Die volgende funksies is aan die menselike gees toegeskryf: geestelike kennis van ’n god en omgang met die god, gewete, intuïsie en kreatiwiteit.
- Die volgende funksies is aan die menselike siel toegeskryf: redeneer en begryp (die denke), besluit en kies (die wil), en emosies voel (die hart).
- Die volgende funksies is aan die liggaam toegeskryf: die vyf sinne: sien, hoor, ruik, smaak en voel.

Dit is ’n overdrewe vereenvoudiging van die werklikheid en on-Bybels.

(2) Die opvatting van Plotinus. Die wese van die mens word in twee dele verdeel.

Hierdie opvatting is gebaseer op die filosofie van die ouer kulture in die ooste (Indië) en weste (Griekenland) en uiteindelik op die Neo-Platoniese filosofie van Plotinus (269 n.C., Aleksandrië). Plotinus het geleer dat die mens ’n dualiteit is: die mens het ’n liggaam en het ’n siel (of ’n gees). Hierdie opvatting maak ’n onderskeid tussen die liggaam wat alleen maar fisies is en die siel (of gees) wat alleen maar geestelik is. Die mens is instaat om sy liggaamlike funksies van sy psigologiese funksies te skei.

Hulle glo dat die liggaamlike funksies en psigologiese funksies mekaar nie beïnvloed nie. ’n Mens sou één soort van lewe in sy liggaam kan lewe en ’n ander soort lewe in sy siel. Byvoorbeeld, hy zou vleeslik (in sonde) in sy liggaam en tegelyk godsdienstig (heilig) in sy siel kan lewe. Meestal word die siel as die essensiële wese van die mens beskou en die liggaam as iets wat kwaad (dus, sleg) is. Die siel (of gees) van die mens is dan ’n gevangene in sy liggaam totdat hy

by sy dood bevry word¹. Dan is die siel (gees) alleen belangrik en die liggaam (asook die hele fisiese skepping, die aarde) onbelangrik. Byvoorbeeld, dit is belangrik om na die kerk te gaan en jou siel te red, maar dit is nie belangrik hoe jy die res van jou lewe in jou liggaam in hierdie wêreld leef niet. Histories het hierdie denkbeeld 'n vernietigende invloed op die Christendom gehad. Hierdie denkbeeld is on-Bybels!

(3) De naturalistiese opvatting. Die wese van die mens is alleen maar 'n fisiese eenheid. Hierdie denkbeeld glo dat 'n mens alleen maar bestaan uit fisiese en chemiese elemente wat tydens die evolusie verander, maar dat die mens gladnie 'n gees (of siel) het nie.

2. Die Bybelse opvatting oor die aard van die mens: die mens is 'n liggaamlike en geestelike eenheid.

(1) Die mens is 'n lewende siel.

God se openbaring in de Bybel staan nie agter bovengenoemde drie opvattinge nie. Die Bybel leer nie dat die mens 'n siel *het*' nie, maar dat die mens 'n siel ('n levende wese) is! De letterlike vertaling van Genesis 2:7 is: "Die HERE God het die mens uit die stof van die aardbodem geskep (gevorm), en Hy blaas daarna die asem (of gees) van die lewe (Hebreeus: nishmat chajim) in sy neusgate; so is die mens tot 'n lewende wese of lewende siel geskep (Hebreeus: nefesh; Grieks: psuché)". Genesis 2:7 beskryf hoe God die mens geskep het. Hy het Adam (dit beteken 'mens') uit die elemente (stof) van die aarde geskep en toe die 'gees' in hom geblaas. Dus Adam (met sy liggaam en sy gees) het 'n lewende siel (wese) geword.

Die aard van die mens is uniek: Die mens is 'n siel (wese) met twee kante: 'n sigbare fisiese kant (die liggaam) en 'n onsigbare geestelike kant (die gees)! Die siel (wese) van die mens bestaan uit 'n liggaam en 'n gees! Die mens is daarom 'n eenheid en nie 'n dualiteit of triniteit nie! Sy liggaam behoort tot die geskape materiële wêreld, maar sy gees kom van God en openbaar dat die mens 'n beeldraer van God is. Die Bybelse opvatting van die wese van die mens bepaal hoe Christene hulself beskou: dat hulle skepsels van God is (en nie alleen maar 'n produk van die evolusie nie), dat hulle gesondig het (teen God) en sal sterwe, en daarom verlossing (deur God) nodig het.

(2) Die christelike siening op die mens.

De Bijbel beskou die essensiële wese van die mens *nie as 'n dualiteit, maar as 'n eenheid* wat bestaan uit 'n fisiese kant (sy liggaam) en 'n geestelike kant (sy gees). Die mens is 'n lewende siel, d.w.s., 'n lewende wese met 'n sigbare liggaam en 'n onsigbare gees. Sy twee kante (sy sigbare liggaam en onsigbare gees) kan onderskei word, maar nie in hierdie lewe op die aarde geskei word nie!

In die Ou Testament het God die morele wet, die seremoniële wet en de burgerlijke wet ingestel wat die geestelike, morele, sosiale en fisiese lewe van die Ou-Testamenties gelowige bepaal het. Hierdie wette het mense geleer om nie alleen hul geestelike lewe, maar ook dat elke ander aspek van die menselike lewe vir God belangrik is!

Die Christen beskou homself as 'n eenheid: hij IS 'n lewende wese (siel), met 'n sigbare liggaam en 'n onsigbare gees. Daarom is die Christen begaan met sowel sy liggaam as sy gees. Dit is baie belangrik hoe hy elke dag van sy lewe in hierdie wêreld lewe met 'n liggaam en 'n gees wat nie van mekaar geskei kan word nie. God wil dat alle Christene 'n heilige en goddelike lewe in hierdie wêreld lei, nie alleen met hulle gees nie, maar ook met hulle liggaam (Romeine 6:12-13,19; 2 Petrus 3:10-14).

Die Christen beskou sy liggaam nie as iets wat sleg is nie. Sy liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees (1 Korintiërs 3:16-17; 6:19-20). Die Christen mag in sy gedagtes en in sy daaglikse lewe geen onderskeid maak tussen sy liggaam en sy gees nie. Solank as wat hy in hierdie wêreld lewe bly sy liggaam en sy gees onskiedbaar! En God roep 'n Christen om God te verheerlik met sy liggaam en sy gees.

(3) Die christelike siening op die sondeval.

Die sondeval van Adam en Eva het 'n effek gehad op die hele wese (siel) van die mens. Sy hele wese (siel) met liggaam en gees het in die sonde geval en mis die doel en bedoeling van God in sy lewe. Die sondeval raak elke aspek van sy geestelike verhouding met God, sy sosiale verhouding met sy medemens, sy psigologiese (intellektuele, wils en emosionele) verhouding met homself, en sy fisiese verhouding met die geskape wêreld (Genesis hoofstuk 3). Daarom beskou die Bybel 'n mens sonder 'n geestelike lewe as 'dood' (Efesiërs 2:1). Die hele mens het in die sonde geval. Die hele mens word deur die sonde aangetas. God ken die hele mens en sal ook die hele mens oordeel (Hebreeërs 4:12-13).

(4) Die christelike siening op die liggaamlike dood.

Die Christen beskou nie die geskape wêreld as iets wat sleg is nie. Die res van die geskape wêreld het geen 'gees' soos die mens nie. Genesis 1:27 en 2:17 impliseer nie dat daar geen fisiese dood was vóór die sondeval en die dood van die mens nie.

Vóór die sondeval van die mens was die plante, bome en blomme al *sterflik geskape*, omdat sade, vrugte en plante sterf as hulle geëet word (Genesis 1:29-30; 2:16). Vóór die sondeval was daar al dorings en distels. omdat God sy hele skepping aan die einde van die sesde skeppingsdag *voltooi* het (Genesis 2:1). Niettemin moes die mens vóór die sondeval die tuin van Eden bewerk en onderhou, byvoorbeeld deur dorings en distels uit te trek (Genesis 2:15). Maar ná

¹ Die Hindoeïsme noem dit: moksha, die bevryding van jou siel van jou liggaam en dan oplos in die Alsiel, Brahman.

die sondeval is die aarde *vervloek* en moes die mens al die dae van sy lewe *swoeg* om die dorings en distels onder beheer te hou (Genesis 3:17-18).

Vóór die sondeval het daar al slange bestaan (Genesis 1:24; 3:1). Maar ná die sondeval is die slang bo alle ander diere *vervloek* en het hy die vyand van die mens geword (Genesis 3:14-15). Vóór die sondeval was alle wilde diere, vee en kruipende diere ook al *sterflik geskape*.

Vóór die sondeval sou die vrou al moeite kry met haar swangerskap. Maar ná die sondeval het hierdie moeite met die swangerskap baie groot geword (Genesis 3:16).

Vóór die sondeval was alleen die mens onsterflik geskape, omdat alleen die mens in die beeld van God geskape is. Maar ná die sondeval het ook die mens sterflik (verganklik) geword en het sy geskape liggaam weer teruggekeer tot die elemente (stof) van die aarde (Genesis 3:19). Ná die sondeval was die hele geskape aarde onderworpe aan die slawerny van die verganklikheid (Romeinen 8:19-22). By die wederkoms van Christus sal alle fisiese liggame van mense uit die dood opstaan en onsterflikheid besit (Johannes 5:28-29; 1 Korintiërs 15:42-44) en die hele fisiese heelal sal herstel word tot 'n volledige regverdige heelal (Handelingen 3:21; 2 Petrus 3:10-14)!

(5) Die christelike siening op die verlossing.

“Die mens wat wysheid het, red lewens” (Spreekwysings 11:30). Die siel van 'n mens is nie alleen sy gees nie, maar ook sy liggaam! Die siel (gees en liggaam) het in sonde geval. Dus moet die hele mens, gees en liggaam verlos word!

Jesus Christus het gekom om die hele mens te verlos. Hy het gekom om die onsigbare deel (sy gees) te verlos en ook om die sigbare deel (sy liggaam) te verlos. Hy vergeef sondes, maar genees ook siektes., bevry mense van demone en bring bevryding aan gevangenes (Markus 2:10-11,17; Lukas 4:18-19). Hy verskaf reg aan die wees kind en die weduwe, hy het die vreemdeling lief deur vir hom brood en kleding te gee (Deuteronomium 10:18; 1 Johannes 3:17). Jesus Christus ‘heilig’ die hele Christen (d.w.s. plaas hom eenkant) (1 Tessalonisense 5:23). In die toekoms sal Hy ook die hele Christen verheerlik (1 Johannes 3:1-3; Filippenzen 3:21).

Daarom is “mense red” (mense wen) 'n saak van die hele mens, gees en liggaam. Die christelike bediening is holisties. Christene hou hul besig met die hele mens en met elke aspek van sy lewe.

3. Die woorde ‘siel’ en ‘gees’ in die Bybel.

(1) Die woorde kan dieselfde betekenis hê.

Die woorde ‘siel’ (Grieks: *psuché*) kom 100 keer voor in die Nuwe Testament. Die woord ‘gees’ (Griek: *pneuma*) kom 370 keer voor in die Nuwe Testament. Dit is onmoontlik om 'n skerp onderskeid te maak tussen die twee woorde, ondanks die feit dat baie Christene dit wel doen.

Die volgende veralgemening is nie heeltemal waar nie: In die Nuwe Testament verwys die woord ‘siel’ na die onsigbare immateriële deel van die mens, na iets wat sy liggaam besiel: en die woord ‘gees’ verwys na die onsigbare immateriële deel van die mens in verhouding tot God.

Die verskillende gebruike van hierdie twee woorde is ingewikkeld. Byvoorbeeld:

- Die Griekse woord vir ‘asem’ kan ‘*psuché*’ (siel) (Handelingen 20:10) of ‘*pneuma*’ (gees) (2 Tessalonisense 2:8) wees.
- Die Griekse woord vir ‘lewe’ met die nadruk op die fisiese lewe kan ‘siel’ (Matteus 2:20) of ‘gees’ (Lukas 8:55) wees.
- Die ‘siel’ van die mens kan bedroef wees (Markus 14:34) en sy ‘gees’ kan geprikkel word (Handelingen 17:16).
- Die ‘siel’ van 'n mens maak die Here groot (Lukas 1:46) en sy ‘gees’ verheug hom in God (Lukas 1:47).
- Die deel van 'n mens wat nie liggaam is nie word ‘siel’ (Openbaring 6:9) of ‘gees’ (Hebreeërs 12:23) genoem.
- Die ‘siel’ van die mens kan na sy hele persoon verwys (Markus 10:45; 1 Timoteus 2:6), maar die houding van sy persoonlikheid kan ‘gees’ genoem word – 'n gees van sachtmoedigheid (1 Korintiërs 4:21).

(2) Die woorde kan verskillende betekenis hê.

Oor die algemeen benadruk die woord ‘siel’ (*psuché*) die emosionele funksie van die mens en die ‘gees’ (*pneuma*) die mentale funksie van die mens. Die ‘siel’ word bedroef (Matteus 26:38) en het lief (Markus 12:30), terwyl die ‘gees’ waarneem (Markus 2:8), planne maak (Handelingen 19:21), kennis besit (1 Korintiërs 2:11) en bid (1 Korintiërs 14:14).

Dikwels het die ‘siel’ 'n breër strekking en dui dit op die geheel van die lewe wat bo die fisiese wêreld uitsteek, terwyl die ‘gees’ meer beperk is en dui op die verhouding met God, die selfbewussyn of persoonlikheid van die mens wat bid, aanbid en getuig.

4. Uitleg oor die woorde: ‘gees’, ‘siel’ en ‘liggaam’ in 1 Tessalonisense 5:23.

(1) Die letterlike Griekse teks en die letterlike vertaling.

Αυτος ο Θεος της ειρηνης αγιασαι υμας ολοτελεις,

Self / die God van vrede / heilig / julle / geheel en al (tot die einde toe); /

και ολοκληρον υμων το πνευμα

En / *in elk deel* (volledig, gaaf, onbeskadig)(wees/bewaar word) / julle gees (julle self veral in julle verhouding tot God); /

και η ψυχη και το σωμα αμεμπτως εν τη παρουσια του κυριου ημων Ιησου Χριστου τηρηθεινη

En / die siel en die liggaam (julle hele persoonlikheid, veral in verhouding tot hierdie wêreld) / *onberispelik* / by die koms / van ons Here Jesus Christus / bewaar word (veral van die verdoemenis).

(2) Die uitleg en juiste vertaling van hierdie tekst.

Hierdie teks leer nie die verdeling van die menslike wese in drie onderdele nie. Die woorde: gees, siel en liggaam dui nie op drie onderdele van die menslike wese nie. Die persoonlike voornaamwoord 'julle' hoort by die eerste sin. Die woord 'gees' (julle onsigbare wese in verhouding tot God) hoort by die tweede sin. En die woorde 'siel en liggaam' (julle onsigbare en sigbare wese in verhouding tot hierdie wêreld) hoort by die derde sin. Die woorde: julle, julle gees, en die siel en liggaam is parallelle uitdrukkings vir dieselfde werklikheid (vergelyk die parallisme in Lukas 1:46-47). Die voorop posisie van die woorde: 'in elk deel' en 'onberispelik' benadruk die geheel.

Die eerste byvoeglike naamwoord beteken geheel en al, deur en deur, tot die einde toe.

Die tweede byvoeglike naamwoord beteken 'in elk deel' (volledig, gaaf, onbeskadig).

Die derde bywoord beteken: 'onberispelik.'

Dus behoort die Griekse teks as volg vertaal te word:

"Mag die God van vrede Self julle geheel en al heilig (d.w.s. afsonder);

en mag julle gees *in elk deel* (*bewaar bly, of gaaf wees*);

en mag die siel en die liggaam onberispelik bewaar bly (van die verdoemenis) tot die wederkoms van die Here Jesus Christus".

5. Uitleg oor die woorde: 'gewrigte' en 'murg' in Hebreërs 4:12.

(1) Die letterlike Griekse teks en die letterlike vertaling.

Ζων γαρ ο λογος του θεου και ενεργης και τομωτερος υπερ πασαν μαχαιραν διστομον

Want lewend (is) / die woord van God / en / effektief (aktief, kragtig) / en / skerper (snydend) / dan enig tweesnydende swaard

και δικνουμενος αχρι μερισμου ψυχης και πνευματος, αρμων τε και μυελων,

En / *deurdringend* / tot / die skeiding / van siel en gees, / van gewrigte en murg, /

και κριτικος ενθυμησεων και εννοιων καρδιας.

en / *vinnig onderskeidend of oordelend* / die oorwegings (ideeë) / en / *gedagtes* (bedoelinge, insigte) / van die hart.

(2) Die uitleg en die juiste vertaling van die teks.

Hierdie teks leer nie die verdeling van die menslike wese in drie onderdele nie. Dit is haglik om uit hierdie teks gevolgtrekkinge te maak oor die psigologie van die outeur.

Die opeenstapeling van vier uitdrukkings: siel en gees, gewrigte en murg moet ons verstaan as 'n uitdrukking vir die hele mentale of geestelike wese van die mens in alle opsigte. God se Woord ondersoek die diepste skuilhoeke van die menslike gees en bring selfs onbewuste motiewe aan die lig. Dit sal God seker op die laaste oordeelsdag doen (Hebreërs 4:13; 1 Korintiërs 4:5).

Dus hoort hierdie Griekse teks as volg vertaal te word:

"Want die Woord van God is lewend en kragtig; skerper as enige swaard met twee snykante. Dit dring deur tot die skeiding van siel en gees, van gewrigte en murg, en dit beoordeel die oorwegings en bedoelinge/gedagtes van die hart."

6. Uitleg oor die woorde: 'hart', 'siel', 'verstand' en 'krag' in Markus 12:30.

Die woorde 'hart' en 'siel' en 'verstand' het verskillende betekenis in Grieks. Meestal word die hart (Grieks: kardia) beskou as die sentrum van die menslike bestaan, die bron van al sy gedagtes, woorde en dade (Spreuken 4:23); Meestal word die siel (Grieks psuché) beskou as die setel van menslike emosies. En meestal word die verstand (Grieks: dianoia) beskou as die sentrum van sy gedagtes, temperament en houdings. Die 'krag' (Grieks: ischus) word beskou as die krag of energie van al sy handeling.

Ook in hierdie teks moet ons nie te ver gaan met analiseer nie. Saam beteken hierdie vier woorde dat die Christen God moet liefhê met al die vermoëns wat God aan hom geskenk het.

7. Die woorde 'siel' en 'gees' met betrekking tot die lewe en die dood.

In die Bybel is daat geen duidelike onderskeid meer tusse die woorde 'siel' en 'gees' nie. Beide woorde word gebruik om die beginsel van die lewe in die mens aan te dui, om sy immateriële wese, sy onsigbare wese of sy geestelike wese te beskrywe.

(1) Die lewensbeginsel vóór die dood kan verteenwoordig word deur die woord 'siel' of 'gees'.

Die Bybel gebruik beide woorde om die beginsel van lewe in die mens vóór sy dood aan te dui. Vóór sy liggaamlike dood word die beginsel van lewe van die mens in sy sterflike liggaam verteenwoordig deur die woord 'siel' (Hebreeus: nefesh, Grieks: psuché, ook vertaal met 'lewe') of deur die woord 'gees' (Hebreeus: ruach, Grieks: pneuma).

Die woord 'siel' word gebruik in: Genesis 2:7; Psalm 31:9; 63:1; Matteus 6:25-27; 16:25-26; Openbaring 18:13.

En die woord 'gees' word gebruik in: Job 34:14-15; Psalm 31:5; Esegïel 36:26; Lukas 8:55; Lukas 23:46; Romeine 8:10; 1 Korintiërs 7:34; 2 Korintiërs 7:1; Jakobus 2:26.

(2) Die lewensbeginsel ná die dood kan verteenwoordig word deur die woord 'siel' of 'gees'.

Die Bybel gebruik beide woorde om die beginsel van lewe in die mens ná sy dood aan te dui. Ná sy liggaamlike dood word die beginsel van lewe van die mens sonder sy sterflike liggaam (d.w.s. sy wese sonder sy liggaam) verteenwoordig deur die woord 'siel' (Grieks: psuché) of die woord 'gees' (Hebreeus: ruach, Grieks: pneuma).

Die woord 'siel' word gebruik in: Openbaring 6:9; 20:4.

En die woord 'gees' word gebruik in: Prediker 12:7; Jesaja 26:14; Hebreeë 12:23.

B. DIE AARD VAN DIE LIGGAAMLIKE DOOD

Mense het verskillende menings oor die wese of geaardheid van die liggaamlike dood.

1. God het die mens onsterflik geskape.

Lees Genesis 1:27; Prediker 3:11; Genesis 2:15-17.

Ontdek en bespreek. Wat was die aard van die mens ná die skepping en vóór die sondeval?

Aantekeninge. Die eerste mense, Adam en Eva, was *nie sterflik geskape nie*. Hulle is geskape na die beeld van God en hierdie volmaakte toestand sluit sterflikheid en ontbinding uit. By die skepping het God "die ewigheid" in die hart van die mens gelê" (ANV: 'n besef gegee van die onbepaalde tyd"). Sowel hulle liggaam as hulle gees was onsterflik geskape. Maar Genesis 1:26-27 impliseer nie dat alle dinge op die aarde onsterflik geskape was nie. Dit leer alleen dat die liggaamlike dood van die mens nie 'n deel was van sy oorspronklike skepping nie.

2. Die liggaamlike dood is God se straf vir die sonde.

Lees Genesis 2:15-17; 3:17-19; Johannes 5:28-29; Matteus 10:28; 25:46; Openbaring 21:8.

Ontdek en bespreek. Wat was die aard van die mens ná die sondeval?

Aantekeninge. Die geestelike dood, die liggaamlike dood en die ewige dood van mense het God se skepping ingekom as 'n straf vir die sonde. Dit was alleen mense wat gesondig het en daarom is dit ook alleen mense wat sterf as 'n straf vir sy sonde! Ná die sondeval het die liggaam van die mens sterflik (verganklik) geword. Wanneer hy sterf, ontbind sy liggaam weer in die elemente (stof) van die aarde. Maar alhoewel die liggaam van die mens sterf, kan sy gees (siel) nie sterf nie en dit kan ook nie gedood word nie.

Ná die wederkoms van Christus en die opstanding van die liggaam uit die dood, sal God alle liggame en alle geeste (siele) van die gelowiges verander (transformeer) (Filippense 3:21; 1 Johannes 3:1-3), maar die liggame en geeste /siele) van ongelowiges en slechte mense in die hel te gronde rig (Grieks apollumi). Die woord 'te gronde rig' (Matteus 10:28) of 'vir ewig verlore laat gaan' (Johannes 3:16) kan nie 'vernietig' (in die betekenis van uitroei/ophou om te bestaan) beteken nie, omdat dit as 'n ewige straf' beskryf word (Matteus 25:46).

3. Alleen die liggaamlike dood van die mens is onnatuurlik.

Lees Psalm 90:7-11; Romeine 1:32; 5:16; Galasiërs 3:13.

Ontdek en bespreek. Hoe word die liggaamlike dood van die mens beskou?

Aantekeninge. Sommige mense beskou die liggaamlike dood van die mens as *natuurlik*. Hulle glo meestal nie in God of in die werklikheid van die sonde nie ('sonde' beteken om God se doel vir hulle lewe mis te loop) en ook niet in die ewigheid van die menslike siel nie. Daarom is die liggaamlike dood vir hulle 'n onverklaarbare leegte of gewoon die einde om te bestaan. Soms het hulle geen angst vir die dood nie.

Ander mense beskou die dood van 'n mens as *onnatuurlik*. Hulle glo meestal in God en dat God die mens geskape het. Maar hulle dink verskillend oor die wese of geaardheid van die mens by die skepping en dus ook verskillend oor die geaardheid van die dood.

Sommige mense glo dat die mens *sterflik geskape is*. Hulle sê dat omdat die mens in die sonde geval het, hy nie meer tot die hoogte van die onsterflikheid kan opklim nie. Die liggaamlike dood is gewoon die voortsetting van die oorspronklike toestand van die mens.

Ander mense (Christene) glo dat die mens onsterflik geskape is. Hulle sê dat omdat die mens in die sonde geval het, hy nie meer die hoogte van die onsterflikheid kan behou nie. Die liggaamlike dood is die straf vir sy ongehoorsaamheid (Genesis 2:15-17). In die Bybel word die liggaamlike dood van die mens nie voorgestel as natuurlik nie, maar as 'n uitdrukking van God se toorn (Psalm 90:7-11), as 'n oordeel van God (Romeine 1:32), as 'n verdoemenis (Romeine 5:16) en as 'n vloek (Galaten 3:13).

Genesis 2:17 spreek alleen oor die liggaamlike dood van die mens en nie oor die fisiese dood van alle ander lewende wesens (diere) of dinge (plante) nie. Genesis 1:29-30 praat oor plante wat geëet word en dit impliseer dat hierdie ander dinge nie onsterflik gekape was nie. Dus, terwyl die dood van 'n mens in God se skepping onnatuurlik geword het, was die dood van ander lewende dinge (soos plante en bome, voëls en visse, diere en kruipende diere) in God se skepping nooit onnatuurlik nie!

4. Die liggaamlike dood van die mens word uitgestel met 'n goeie doel.

Lees Genesis 2:17; Handeling 14:15-17; Romeine 3:25-26; 2 Timoteus 1:10; 2 Petrus 3:7-9.

Ontdek en bespreek. Waarom het God ná die sondeval die dood van die mens nie onmiddellik uitgevoer nie?

Aantekeninge. As God alleen maar regverdig was, maar nie liefde nie, sou hy ná die sondeval die liggaamlike dood van die mens onmiddellik uitgevoer het.

Maar omdat God sowel regverdig as genadig (liefde) is, bewys Hy geduld teenoor sy skepsels. Deur sy algemene genade aan sy skepsels, hou Hy die werking van die dood onder bedwang.

En deur sy besonder genade (liefde) in Jesus Christus bring God die die onverganklike lewe aan die lig (Johannes 10:28; 2 Timoteus 1:10) en vernietig hy uiteindelik die dood (1 Korintiërs 15:50-56)! Hy wil nie dat mense verlore gaan nie, maar eerder dat hulle tot bekering kom (Esegiël 33:11; 1 Timoteus 2:4; 2 Petrus 3:9). Alle mense wat met geloof op die evangelie reageer, sal in sy oorwinning oor die liggaamlike dood en die ewige dood van die liggaam en die siel in die hel laat deel!

5. Die liggaamlike dood van die mens is 'n terugkeer na stof.

Lees Genesis 2:7; 3:19.

Aantekeninge. Die liggaam van die mens is uit 'stof' (die elemente) van die aarde geskape. Wanneer 'n mens sterf, word sy liggaam van sy gees geskei en keer dit terug na die aarde waar dit vandaan gekom het d.m.v. 'n begrafnis of 'n kremasie. Want "stof is jy en jy sal weer stof word."

6. Die liggaamlike dood van die mens is 'n volledige skeiding van die gebeurtenisse op die aarde.

Lees Psalm 49:10,17; Prediker 9:1-12; Jesaja 63:16; Lukas 16:27-31; 1 Timoteus 6:7.

Aantekeninge. 'n Mens in die toestand (staat) van die dood het nooit meer 'n deel in wat daar onder die son op die aarde gebeur nie. Hy kan nie meer kennis versamel nie, hy kan nie meer planne maak nie, en hy kan nie meer op die aarde werk nie. Hy het hoegenaamd geen invloed meer op die aarde nie! Hy het geen kennis oor sy familie lede wat op die aarde agterbly en hy kan ook nie met hulle kontak maak nie.²

Die liggaamlike dood van die mens is 'n skeiding van sy liggaam van sy gees (siel), 'n skeiding van sy geliefde familie en vriende op die aarde, 'n skeiding van al sy prestasies en besittings op die aarde, en 'n skeiding van alle gebeurtenisse op die aarde. Terwyl sy liggaam in die graf tot stof vergaan, sal sy gees (siel) nooit meer deel kry aan enigiets wat op hierdie aarde gebeur nie.

C. DIE LIGGAAMLIKE DOOD VAN CHRISTENE

Ontdek en bespreek. As Christus in die plek van Christene gely en gesterf het, waarom is dit dan nog nodig dat Christene steeds moet ly en sterwe?

1. Die liggaamlike dood van Christene is nie langer 'n straf nie.

Lees Psalm 116:15; Romeine 6:23; 1 Korintiërs 15:56; Romeine 3:23-26; 5:6-10; Hebreërs 9:24-26.

Aantekeninge. Vir nie-Christene bly die liggaamlike dood 'n straf vir hulle sondes (Romeine 6:23).

"Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie" (Psalm 116:15). Vir Christene is die liggaamlike dood nie langer 'n straf vir hulle sondes nie, omdat die soenoffer van Christus aan die kruis God se regverdige toorn teen die sonde volledig bevredig het. Die dood van Jesus Christus aan die kruis bewys God se regverdige straf vir sonde (Jesaja 53:5-6; 1 Petrus 2:24; 3:18). Gelowiges word gewis geregtig, d.w.s., al hulle sondes is vergewe en hulle liggaamlike dood kan nie meer beskou word as 'n straf vir hulle sondes nie.

2. Die liggaamlike dood van Christene is God se manier om hulle heilig te maak.

Lees Psalm 49:5-10,15-17; 89:47-48; Spreuke 14:12,27; 21:25; Romeine 1:28-32; 1 Johannes 2:15-17; Romeine 8:17; 2 Korintiërs 4:7-11; Hebreërs 4:15; 5:7-10; 1 Petrus 4:12-14.

Aantekeninge. Die lyding (deur moeilikhede, siektes, teenslae, verdrukkinge, vervolginge) en die liggaamlike dood wat Christene nog moet deurmaak is God se middele om Christene heilig te maak.

Alhoewel Jesus Christus nooit gesondig het nie, moes Hy allerlei menslike versoekings en verleidings deurmaak. Vir Jesus Christus was al hierdie beproewinge en lyding God se middele om sy swak menselike natuur volmaak te maak.

² Spiritiste en mediums wat beweer dat hulle wel met die gestorwe geeste van mense kontak kan maak, maak kontak met bose geeste (demone) wat in staat is om mense na te boots (1 Samuël 28; 2 Korintiërs 11:14) en altyd leuens vertel (Johannes 8:44)!

Net so, alhoewel Christene nog sondes doen, gebruik God allerlei beproewinge om hulle hoogmoed neer te buig, hulle sondige natuur dood te maak, hulle wêreldgesindheid te stuit (af te rem) en 'n geestelike gesindheid in hulle te kweek. Die Bybel leer duidelik dat die doel van al hul lyding op hierdie aarde is dat die nuwe en heilige lewe van Jesus Christus nou al in hulle sterflike liggame en later in die hemel geopenbaar mag word.

3. Die liggaamlike dood van Christene is die voltooiing van hul heiligmaking en die begin van hul volmaakte (verheerlikte) lewe.

Lees 1 Korintiërs 15:50; Hebreërs 12:23; Openbaring 21:27.

Aantekeninge. Die liggaamlike dood is eintlik die toppunt of eindpunt van al die lyding van Christene op hierdie aarde.

1 Korintiërs 15:50 sê: “Vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie. Die verganklike kan nie aan die onverganklike deel kry nie.” Die liggame van Christene is nou nog onderhewig aan die sondige natuur, aan swakheid en die liggaamlike dood. Hierdie liggame kan nie die koninkryk van God in sy uiteindelijke volmaakte fase beërwe nie. M.a.w. Christene kan nie met hulle sterflike liggame in die hemel kom nie of later op die nuwe aarde woon nie.

Daarom moet die teenswoordige liggame van Christene eers sterwe en verander word. Net soos Christus in die heerlijkheid ingegaan het langs die weg van lyding en die liggaamlike dood op hierdie aarde, so sal Christene ook alleen langs die weg van lyding en die liggaamlike dood in hul ewige staat ingaan. Hul liggaamlike dood op hierdie aarde voltooi die heiliging van hulle gees (of siel), sodat hulle “die geeste van dié wat vrygespreek en nou volmaak is” kan word (1 Johannes 3:1-3; Hebreërs 12:23). Die liggaamlike dood is nie die einde vir Christene nie, maar die begin van hul volmaakte lewe, eers in die hemel by Christus en later op die nuwe aarde ook saam met Christus! Wanneer 'n Christen sterf, sal hy onmiddelik Christus sien en onmiddelik by Christus wees (Filippense 1:20-24; vergelyk Handeling 7:54-60).

4. Die angs vir die liggaamlike dood is verplaas deur die hoop op die liggaamlike opstanding.

Lees Lukas 22:40-44; Handeling 2:24; Hebreërs 2:14-15.

Aantekeninge. Die aardse beproewinge, lyding en liggaamlike dood van Christene word hul poort na die hemel!

Deur sy dood en opstanding uit die dood is Christus bevry van die angs vir die dood.

En Christus het ook Christene bevry van die slawerny aan die angs vir die dood. Die angs vir die dood is verplaas deur die hoop op die opstanding uit die dood. 'n Deel van die heiliging van die Christen is dat hy hierdie hoop bly koester!

D. DIE TOESTAND VAN DIE MENS NA SY LIGGAAMLIGE DOOD

Ontdek en bespreek. Wat gebeur met die liggaam en die gees (siel) van die mens as hy sterf? Waar gaan sy liggaam en waar gaan sy gees na toe? Gaan die geeste of siele van alle mense na hul dood na dieselfde plek?

1. Die wese van die mens sonder sy teenswoordige liggaam is ewig.

Lees Prediker 3:11.

Aantekeninge. Die Bybel leer dat die gees (siel) van 'n mens ewig is. Sy teenswoordige liggaam op die aarde is nog tydelik (stof), maar sal by die wederkoms van Christis vir ewig uit die dood opstaan.

2. Die toestand van 'n onregverdige mens ná sy liggaamlike dood.

Lees Matteus 25:46; Markus 9:42-48; Lukas 16:22-23; 2 Petrus 2:4-10; 2 Tessalonisense 1:6-10.

Aantekeninge. As 'n onregverdige mens sterf, d.w.s. as hy die geregtigheid van Jesus Christus nie aangeneem het nie, dan word sy gees (siel) van sy liggaam geskei en onmiddelik in die hel gegooi. Lukas 16:22-23 leer dat die onregverdige mens onmiddelik na die hel toe gaan waar hy in pyn verkeer. Die apostel Petrus leer dat hulle tot die oordeelsdag bewaar word om gestraf te word. Jesus en die apostel Paulus leer dat die onregverdige mense die ewige verderf sal ondergaan, geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag.

3. Die toestand van 'n regverdige mens ná sy liggaamlike dood.

Lees Lukas 23:43; 2 Korintiërs 5:8; Filippense 1:21-23; Hebreërs 12:22-24; Romeine 8:35-39.

Aantekeninge. As 'n regverdige mens sterf, d.w.s. as hy die geregtigheid van Jesus Christus aangeneem het, dan word sy gees (siel) van sy liggaam geskei en onmiddelik in die teenwoordigheid van Jesus Christus gebring. Lukas 16:22 leer dat die bedelaar wat regverdig in God se oë was, onmiddelik deur engele na die ereplek naas Abraham gedra is. Lukas 23:43 leer dat die bekeerde rower onmiddelik saam met Jesus Christus na die paradys (d.w.s. by God in die hemel) gegaan het. 2 Korintiërs 5:8 leer dat wanneer 'n Christen (letterlik) “uit sy liggaam uitwoon, hy by die Here kom inwoon” (ANV: sy verblyf in die liggaam verlaat en by die Here gaan woon). Filippense 1:21-23 leer dat Paulus “verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees”. En Hebreërs 12:22-24 beskryf die bestaan in die Hemelse Jerusalem as “kom by die stad van die lewende God met sy miljoene engele”, “by die feestelike byeenkoms, die vergadering (Grieks: ekklesia, Kerk) van die eersgeborenes (d.w.s. mense wat wedergebore is), wie se name in die hemel opgeteken is”. Hulle het gekom “by God wat Regter oor almal is, en by die (menslike) geeste van dié wat vrygespreek en wat nou (nadat hulle gesterf het) volmaak is, by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond”. Ten slotte, leer Romeine 8:35-39 dat die liggaamlike dood 'n Christen nooit kan skei van God of van God se liefde vir hom nie!

4. Die toestand van die geeste van Christene in die hemel.

Ontdek en bespreek. Wat ervaar en doen die geeste (siele) van oorlede Christene in die hemel?

Aantekeninge. In die tussentoestand van Christene tussen dood en opstanding, lê hul liggame in 'n graf, terwyl hulle geeste (siele) by God in die hemel is. Hul geeste (siele) is baie bewus en aktief in die hemel.

(1) Christene sal die heerlikheid van Christus sien.

Lees Johannes 14:1-4; 17:24.

Aantekeninge. Wanneer Christene sterwe, sal hul geeste (siele) in die teenwoordigheid van Christus wees en sy heerlikheid aanskou, d.w.s. sy liefde, barmhartigheid, heiligheid, geregtigheid, vriendelikheid, wysheid, ens. ervaar.

(2) Christene sal rus.

Lees Hebreërs 4:9-11; Openbaring 7:16-17; 14:13; 21:4.

Aantekeninge. Hul geeste (siele) sal rus van die kompetisie, swoeg, probleme, sorg, siektes, pyne, angs, sonde en verdriet wat hulle nog op die aarde ervaar. Hulle sal nooit meer ly nie.

(3) Christene sal volmaakte kennis hê.

Lees 1 Korintiërs 13:9-12.

Aantekeninge. Hul onvolmaakthede sal verdwyn en hulle sal volkome/volmaakte kennis hê van die dinge wat God wil hê dat hulle ken.

(4) Christene sal met vreugde gevul wees.

Lees Psalm 16:11.

Aantekeninge. Hulle sal oorvloedig met blydschap en lieflikhede in God se teenwoordigheid vervul word.

(5) Christene sal sing.

Lees Openbaring 4:9-11; 5:11-14.

Aantekeninge. Hulle sal nuwe lieder sing en God prys en aanbid.

(6) Christene sal dien.

Lees Openbaring 7:9-15.

Aantekeninge. Hulle sal God dag en nag dien. Net soos die engele, wat ook geen materiële liggame het nie, sal hulle God in allerlei sinvol werk dien.

(7) Christene sal heers.

Lees Psalm 2:8-9; Openbaring 2:26-27; 3:21.

Aantekeninge. Omdat hulle by Christus in die hemel is, sal Christene 'n deel hê aan die troon van Christus en sy triomfantelike oorwinning oor die sonde en die dood en oor alle menslike vyande en die satan. Die vernietiging van almal wat Christus weerstaan het en alle andere teenstand word in figuurlike taal uitgebeeld. Christene deel nou al in die oorwinning van Christus in die hemel nog vóór sy wederkoms!

By die wederkoms van Christus sal Christene saam met Christus kom om die lewende en die dooie mense te oordeel (1 Tessalonisense 4:14; Matteus 25:31-32). Daarom sal Christene ook 'n aandeel hê aan die verworpenhede van die finale oorwinning van Christus oor al die onregverdige mense op die aarde (Matteus 13:41; Openbaring 19:15-16) en hulle sal die ewige heerlikheid met Hom deel! Die vyande van Christus en Christene sal vir ewig verslaan bly en hulle kan nooit meer opstaan nie!

Na die wederkoms en op die nuwe aarde sal "die twaalf apostels op trone sit en die twaalf stamme van Israel oordeel" (Matteus 19:28; Lukas 22:28-30). Hierdie twee Bybelgedeeltes verwys na die koninkryk van God in haar finale volmaakte fase. 'Oordeel' moet dan verstaan word in die betekenis van 'glansryk (skitterend) regeer oor' (Daniël 12:3; Matteus 13:43). Die twaalf stamme van Israel is hier 'n uitdrukking vir 'die herstelde, nuwe Israel' en kan 'n verwysing wees na alle uitverkorenes uit die twaalf Joodse stamme vanaf die begin tot die einde van die wêreldgeskiedenis (Romeine 11:26), of dit kan 'n verwysing wees na alle uitverkorenes uit die Jode en die heidene vanaf die begin tot die einde van die wêreldgeskiedenis (Galasiërs 6:16). In beide gevalle moet dit 'n verwysing na wedergebore gelowiges wees, omdat na die vernuwung van alle dinge niks wat onrein is in die koninkryk van God in sy finale fase sal inkom nie (Openbaring 21:27).

Die Bybel gee nie aan ons meer informasie oor die ervarings en aktiwiteite van Christene in die hemel nie!

E. DIE TOESTAND VAN DIE MENS NA DIE OPSTANDING

Ontdek en bespreek. Wat gebeur met Christene ná die opstanding van hul liggame uit die dood?

1. Die toestand van 'n onregverdige mens ná sy liggaamlike dood.

Lees Matteus 10:28; Openbaring 21:8.

Aantekeninge. By die opstanding uit die dood sal die liggame van onregverdige mense wat gesterf het met hulle geeste (siele) verenig word. Hulle sal deur engele voor die oordeelstroom van Christus in die lug gedryf word (Matteus 24:40b, 41b) en hul verdoemenis sal in die openbaar aangekondig word (Matteus 25:41-46). Daarna sal hulle met liggaam en gees (siel) in die hel gegooi word (Matteus 10:28; Openbaring 21:8).

2. Die toestand van 'n regverdigde mens ná sy liggaamlike dood.

Lees Filippense 3:20-21; Romeine 4:17.

Aantekeninge. Tot aan die wederkoms van Jesus Christus bly die stof van gestorwe liggame van Christene in hulle graf of verstrooi oor die aarde lê. Maar by die wederkoms van Christus sal die stof van hulle liggame uit die dood opstaan en verander word sodat hul liggame soos die verheerlikte liggaam van die opgestane Jesus Christus sal wees! Jesus Christus, wat al die sigbare dinge geskape het uit wat voorheen nie waarneembaar of meetbaar was nie (Johannes 1:3; Hebreërs 11:3), is in staat om die stoflike oorskot van die gestorwe Christen te laat opstaan uit die dood en te transformeer sodat dit gelykvormig word aan sy verheerlikte opgestane liggaam. Ook hulle liggame sal verenig word met hulle geeste (siele) wat by die wederkoms van Christus saam met Christus uit die hemel kom (1 Tessalonisense 4:14,16). Ook hul regverdiging sal in die openbaar by die laaste oordeelsdag aangekondig word (1 Tessalonisense 4:17a; Matteus 25:31-40). En na die laaste oordeel en die vernuwning van die aarde, sal hulle saam met Christus uit die lug neerdaal op die nuwe aarde en vir ewig met Christus op die nuwe aarde woon (1 Tessalonisense 4:17b; Openbaring 21:1-5).

3. Die veranderde liggame van Christene wat uit die dood opgestaan het, sal onverganklik, onsterflik, heerlik en kragtig wees.

Lees 1 Korintiërs 15:35-44,53-54; Filippense 3:21.

Aantekeninge. Met gebruikmaking van simboliek, leer die apostel Paulus dat wanneer Christen gelowiges sterf hulle net soos graankorrels sal wees wat in die aarde gesaai word en nuwe en oorfloedige lewe voortbring. Die natuurlike liggaam van die Christen is “vlees en bloed”, “verganklik, sonder eer en swak”, maar die opgestane liggaam van die Christen sal “onverganklik, heerlik, kragtig en geestelik wees”!

Die opgestane liggaam van die Christen sal onverganklik wees: d.w.s. sal nooit oud, siek, of swak word en sterwe nie. Sy opgestane liggaam sal heerlik wees, d.w.s. sal deel in die goddelike kenmerke soos liefde, heiligheid, regverdigheid, energoë en wysheid van God. Sy opgestane liggaam sal kragtig wees, d.w.s. krag ontvang om die veranderde nuwe lewe vir alle ewigheid te lewe! Sy opgestane liggaam sal geestelik wees, d.w.s., heeltemal vernut en beheers deur die Heilige Gees. En sy opgestane liggaam sal onsterflik wees, d.w.s. hy sal vir ewig bly bestaan in 'n volmaakte lewe en in ewigdurende heerlikheid in die teenwoordigheid van God! Kortliks, by die wederkoms sal die vernederde liggaam van Christene verander word sodat hulle gelykvormig word aan die verheerlikte liggaam van die opgestane Here Jesus Christus wat nie langer onderhevig is aan die fisiese wette van die teenwoordige aarde nie (Johannes 20:6-9,19,26; Lukas 24:21; Handeling 1:9; Openbaring 21:4).

F. VRAE WAT CHRISTENE BAIE STEL

1. Moet Christene hul gestorwe familieleden eer en herdenk?

Hierdie vraag word in handleiding 6, supplement 8 behandel.

2. Sal Christene mekaar in die hemel herken?

Volgens Lukas 16:9, sal *die vriende* wat Christene gemaak het met hulle besittinge op die aarde hulle in die ewige wonings (d.w.s. die hemel) ontvang. Hierdie vriende het hulp van hul weldoeners op die aarde gekry en sal hulle weldoeners in die hemel ontvang!

Volgens Lukas 16:19-31 sal daar herkenning en kommunikasie in die hemel plaasvind.

Matteus 8:11 beskryf die vreugde in die hemel in simboliese terme as 'n bankettafel in die koninkryk van God in die hemel. Daarom is die verwagting dat Christene mekaar weer sal sien en met vreugde met mekaar sal verkeer volkome Bybels so lank dit ondergeskik bly aan die omgang met Christus.

3. As Christene mekaar in die hemel sal herken, sal hulle dan nie hulle ongelowige familieleden en vriende op die aarde mis nie?

Volgens Matteus 12:46-50 sal alle verhoudings wat op die aarde nie “in Christus” was nie, ook in die hemel en op die nuwe aarde alle betekenis verloor. Ons kan daarom verwag dat ons in die hemel niks van ongelowige familieleden en vriende sal kan onthou nie.

G. DIE CHRISTELIKE BEGRAFNIEDIENS

1. Die verdriet oor 'n geliefde wat gesterf het.

(1) Maak ruimte sodat mense hul verdriet kan uitdruk.

Wanneer 'n geliefde sterf, is daar meestal verdriet en tranes. Die christelike hoop op die opstanding uit die dood hoef nie die verdriet by die verlies van 'n geliefde uit te sluit nie. Jesus het gehuil toe sy vriend, Lazarus, gesterf het. Christene moet ruimte maak vir mense om hulle verdriet uit te druk.

(2) Help ander mense in hul rouproses.

Christene moet mede-Christene help in hul rouproses. Hulle het vier verantwoordelikhede:

- Hulle moet hulle help om die werklikheid van die dood en hul verlies te aanvaar.
- Hulle moet hulle help om die pyn van die verlies te ervaar.
- Hulle moet hulle help om aan te pas om sonder die oorlede geliefde verder te lewe.
- Hulle moet hulle help om hul emosionele band met die oorledene los te maak sodat hulle weer in nuwe doele in die lewe en in nuwe verhoudings met mense kan investeer.

Die rouproses kan jare duur!

2. Die christelike manier van 'n begrafnis.

(1) Begrawe of kremeer.

Die Bybel skryf nie aan Christene voor wat hulle met die liggaam van die oorledene moet doen nie. Die kwessie van kemasie is kontroversioneel onder Christene. Sommige Christene glo dat omdat die Bybel spreek oor die opstanding van *die liggaam*, *die liggaam* begrawe behoort te word en nie deur kemasie vernietig mag word nie. Ander Christene glo dat die liggaam na 'n ramp, of 'n begrafnis of deur kemasie deur ontbinding tot stof terugkeer (Genesis 3:19; Openbaring 20:13), en daarom mag Christene self besluit tussen 'n begrafnis en 'n kemasie. Hulle glo dat God die oorspronklike liggaam uit die stof of elemente van die aarde geskape het (Genesis 2:7), en dat Hy ook dieselfde stof of elemente, wat die liggaam oorspronklik besit het, uit die dood kan laat opstaan (Hebreërs 11:3; 1 Tessalonisense 4:16). Tog bly sommige Christene gekant teen kemasie.

(2) Die begrafnisdiens.

Die Bybel skryf ook nie voor hoe 'n begrafnisdiens gehou moet word nie. Die Bybel leer duidelik waarom die dood van die mens in God se skepping ingekom het, waarheen die gestorwe mense gaan nadat hulle gesterf het, en wat gaan gebeur by die opstanding uit die dood en die laaste oordeel by die wederkoms van Christus. Daarom leer die Bybel nie hoe Christene hul dooies moet begrawe nie, maar wel waaroor hulle kan praat tydens die begrafnisdiens! Hulle kan praat oor die belangrike waarhede in die Bybel.

3. Verkondiging by die begrafnisdiens.

Daar is vyf belangrike onderwerpe waaroor gepraat kan word by 'n begrafnisdiens:

(1) Christene kan die evangelie verkondig.

By Christen begrafnisdienste kan die predikers die evangelie verkondig, omdat daar altyd nie-Christenen aanwesig is.

(2) Christene kan spreek oor die probleem van die sonde en die dood.

Lees Romeine 6:23; Hebreërs 9:27; Romeine 5:8-11; 2 Timoteus 1:10; 1 Korintiërs 4:7-10.

God moet die sonde straf met die dood. God het die dood van mense in die skepping gebring as 'n straf vir hulle ongehoorsaamheid. Omdat God heilig en regverdig is, moet Hy die sonde met die dood straf. Wie kan die probleem van die dood oplos? Die wetenskap kan hierdie probleem nie oplos nie. Geen enkel godsdiens of magie kan die probleem oplos nie. Die Bybel sê dat alleen God (Christus) die probleem kan oplos. Jesus sê: "EK IS die opstanding en die lewe" (Johannes 11:25)!

Jesus Christus het onverganklike lewe aan die lig gebring deur (die verkondiging van) die evangelie. In sy groot barmhartigheid het God Homself in Jesus Christus gegee om aan die kruishout te sterwe *in die plek van* alle mense wat in Jesus Christus glo. God het die probleem van die sonde en die dood opgelos deur die dood en die opstanding van sy Seun, Jesus Christus. Elke mens wat in Jesus Christus glo is geregverdig en sal verlos word van die toorn van God in die laaste oordeel.

God gebruik die lyding en die liggaamlike dood as 'n middel om Christene te heilig. Christene mag weet dat die lyding en die liggaamlike dood nie meer 'n straf vir hulle sondes is nie, maar wel 'n middel is om hulle te heilig (d.w.s. vir ewig vir God af te sonder) en as 'n poort na die hemel.

(3) Christene kan spreek oor Christus wat die straf van die dood in die plek van gelowiges gedra het.

Lees Hebreërs 7:26-27; 10:1-4; Romeine 3:21-26; Johannes 5:24.

Dwarsdeur die hele geskiedenis het mense skuldig gevoel oor hulle sondes en ook hulle geskaam vir hulle sondes. Daarom het mense in verskillende godsdienste in die wêreld steeds diereoffers gebring. Maar diere is nie mense nie, is ook nie volmaak nie en sterf nooit vrywillig nie. Daarom kan diereoffers nooit mense van hul sondes verlos nie. Mense bly hulle skuldig voel selfs as hulle offers bring.

Maar Jesus Christus was 'n Mens, volmaak sondeloos en het volkome vrywillig gesterf in die plek van wie ookal in Hom glo! Jesus Christus het die straf van die liggaamlike dood ondergaan in die plek van mense wat in Hom glo. Jesus Christus is die enigste volmaakte offerande vir sonde. Die regverdige toorn van God teen die sonde is op die liggaam van Christus geplaas en op hierdie manier van die gelowige verwyder. Elke mens wat in Jesus Christus glo, sal nie veroordeel (verdoem) word nie! Hy sal daarna nie langer die dood as 'n straf vir die sonde ervaar nie, maar as die begin van sy volmaakte lewe met Jesus Christus in die hemel.

(4) Christene kan spreek oor Christus wat die ang (vrees) vir die dood in ons plek ervaar het.

Lees Matteus 27:46; Handeling 2:22-24; Hebreërs 2:9,14-15.

Jesus Christus het die ang vir die dood in die plek van Christene gedra. Hy het deur die genade van God vir almal die dood geproef. Hy het die ang en die verskrikking om deur God verlaat te word in die plek van Christene ervaar. Daarom word almal wat in Jesus Christus glo, bevry van die mag van die dood en bevry van die verslawende ang van die dood! Christene wat in die waarheid van die Bybel glo, sal nie langer hierdie ang, verskrikking en bitterheid ervaar wat ander mense wel aangryp, omdat Jesus Christus dit in hulle plek ervaar het!

(5) Christene kan spreek oor die ewige bestemming van die mens.

Lees 1 Tessalonisense 5:1-3; Matteus 25:31-34,41,46; Lukas 4:19; 2 Korintiërs 6:2.

Die ewige bestemming van mens word bepaal deur sy verhouding met Jesus Christus terwyl hy nog op die aarde lewe. Na sy liggaamlike dood kry geen mens ooit meer 'n kans om verlos te word nie!

Omdat die wederkoms van Christus baie plotseling en onverwags sal gebeur, die opstanding uit die dood in 'n oogwenk sal plaasvind en die laaste oordeel meteen daarna sal plaasvind, sal daar geen tyd meer wees vir iemand om sig te bekeer nie. Dan sal dit te laat wees! Jou verhouding met Jesus Christus en hoe jy op die aarde met Hom en vir Hom geleef het vóórdit jy sterf is absoluut bepalend vir hoe jy geoordeel gaan word!

By sy eerste koms na die aarde het Jesus Christus gekom om baie mense te red! “Die Seun van die Mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is” (Lukas 19:10). “God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word” (Johannes 3:17). Dit is nou nog “ die tyd waarop die Here genade betoon” (Jesaja 61:1-2a)!

Maar bij sy wederkoms kom Hy nie om mense te bekeer nie, maar om mense te oordeel (vergelyk Matteus 3:11-12)! Daarom moet die prediker die evangelie by begafnis verkondig en die familie en vriende wat nog ongelovig is uitdaag om Jesus Christus as Verlosser aan te neem! 2 Korintiërs 6:2 sê, “Kyk, nou is die regte tyd, nou is dit die dag van redding!” Nou, terwyl jy nog leef en vóór die wederkoms van Christus is die dag wat jy van jou sondes verlos moet word! Daarom, as jy nog nie in Jesus Christus glo nie, dan moet jy nou bid en Hom in jou hart en lewe binnenooi. (Johannes 1:12; Openbaring 3:20).

5	GEBED (8 minute) [REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute) [OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Die christelike begrafnis” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 1 Timoteus 1 - 4. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers, (9) Johannes 8:12. Herhaal elke dag jou laaste vyf memoriseringsverse.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 9. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.